

Nabetragting van Boodskap Sondag 6 September 2020

Maandag: Die werklikheid word soms vergelyk met 'n opvoering. Die dekor is opgestel en die verhoog is gereed. Al wat kort is die akteurs. Jy is vanuit jou perspektief die hoofakteur. Die metafoor wat Jesus gebruik, is dié van 'n wingerd plaas. Die plaas, die boer en die wingerdstok is daar. Al wat kort is die vrug. In vergelyking is jy die loot wat die vrug moet dra.

Dinsdag: Al bestaan 'n boord uit een soort vrug, is daar nie twee bome wat presies dieselfde is nie. Al is die plase in dieselfde distrik, lyk elke plaas ook anders met sy eiesoortige boorde. Elke distrik lyk ook anders, nes elke land, elke volksgroep, elke individu. Dit is 'n kenmerk van God se skepping dat variasie en verskeidenheid benodig word. Waar verskeidenheid getroetel word, floreer die bedryf. Waar alles afgeplat word tot eendersheid, daar plof alles mettertied ineen.

Woensdag: Jy is bykans op elke vlak van die werklikheid in assosiasie deel van 'n groter groep en tog heeltemal uniek. Jy dra die verantwoordelikheid om vrug te dra vir wat jy is. Daarvoor, soos met 'n wingerdstok, word jy gevoed en gesnoei en vertroetel, maar die hoofkenmerk is dat jy as loot verbind moet bly aan die wingerdstok. Die wingerdstok in die beeldspraak is Christus. Die Boer van die plaas is weer God.

Donderdag: Nes elke wingerdstok se bloudruk van gene eenders is, maak die inspraak van die omgewing dat elke wingerdstok anders groei. Elke wingerdstok word deur die Boer so bestuur dat hy gesond kan wees. Elke loot, nes jy, is uniek en word blootgestel aan omstandighede wat jou ontwikkeling uniek maak. Aan die loot word die blare en blomme en vrug gedra en die drif daartoe spruit uit die wingerdstok. Dit alles word so bestuur dat jy maksimum vrug kan dra.

Vrydag: Vertaal tot die lewenspraktyk beteken dit dat God 'n plan met sy skepping het. Jy is deel van die plan as die instrument wat die vrug moet produseer. Daar is baie soorte vrugtebome en elkeen dra eiesoortige vrugte. Wat dieselfde bly, is die Skepper en sy doel. Wat heeltied aanpas en verbeter en ontwikkel, is die Skepping. Jy is deur God geskep om deel van die proses te wees. Maar jy self kan kies of jy opbou of afbreek. Opbou vra ook dat jy verskeidenheid respekteer. Afbreek beteken om apaties te lewe.